

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Romeine 4 vers 21

Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het

Kortpad

Deurdankoffer vir Diens van Barmhartigheid Teebeurt: Dahlia sel

- 13 Januarie 08h30 Eietydse diens (dr Deon Els) Kleuterkerk
13 Januarie 09h45 Kategese begin. Ouers en kinders bly agter in die saal
13 Januarie 10h00 Klassieke diens (dr Deon Els)

Nog belangrike datums

Kommunikamma 13 Januarie 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Preek

Ons weet nie wat die jaar vir ons inhou nie. Wat ons wel weet, is dat God en Sy beloftes vasstaan. En daar is geen voorwaardes of eise wat ons eers moet nakom, gekoppel aan Sy beloftes nie. Hy wil vir ons elkeen 'n God wees. Hy gee ons die reg om onself Sy kinders te noem. Hy hou ons vas, versorg ons en verseker ons toekoms. Daarom kan ons kans sien vir 2019. God doen wat Hy beloof

Kerkalmanakke en Jeugprogram

Persone wat verlede jaar groot almanakke bestel het, kan dit by die kerkkantoor kom afhaal. Die volledige Kalender 2019 asook die Jeugprogram vir die eerste kwartaal is ook op die webwerf beskikbaar.

Kosterpos

Ons huidige koster tree einde Maart vanjaar af. Aansoeke vir die pos kan voor of op Vrydag 8 Februarie ingedien word.

Noodspens

Die behoefdiges se nood is baie groot en ons noodspens is feitlik dolleeg. Enige nie-bederfbare produkte word dringend benodig.

Maart Malligheid

Almal kan op een of ander manier betrokke raak by hierdie pretaand se gemeentekonsert ten bate van Kleinskool Inisiatief se studiefonds. Maart Malligheid

Sake vir gebed

Lees asseblief biddend die name van die persone wat vanweë verskillende omstandighede tans ons voorbidding dringend nodig het. Ons bid ook vir reën op die plekke wat smag daarna.

Padkos Padwysers vir 2019

Dis alweer tyd vir nuwejaarsbesluite. Goeie voornemens vir die nuwejaar is egter nie genoeg nie. Vaste wilsbesluite is nodig om 2019 reg binne te gaan. Ek praat van daardie soort wat diep in jou siel vasgeanker is. Ek het vir myself agt kompaswysers neergepen vir 2019:

- 1 Ek weet die Here is my Herder. Hy is die Eregas en die Gasheer binne elke situasie, elke gesprek en elke verhouding waarbinne ek staan.
- 2 Ek glo alle mense is kosbaar. Almal met wie ek te doene kry, verdien respek en waardige behandeling.
- 3 Ek doen goed aan ander sonder om iets terug te verwag. Ek betaal graag in elke verhouding waarin ek staan meer in as wat ek ooit hieruit onttrek.
- 4 Ek is 'n lewenslange student van God se Woord en van die lewe self. Ek leer ook gedurig by ander mense.
- 5 Ek kies om die Here en ander mense groter te sien in my lewe en om my eie probleme en laste gedurig kleiner te krimp.
- 6 Ek kies om elke dag iets goed te doen vir mense in Jesus se Naam. My geloof is 'n werkwoord, nie 'n ruswoord nie.
- 7 God se skepping is kosbaar. Ek doen my deel om dit mooi op te pas. Waar dit beskadig is, help ek graag om dit heel te maak.
- 8 Ek leef met verwondering, vreugde en met kinderlike geloof. Ek laat elke dag toe dat die Here my karakter tot Sy eer vorm.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org Beeld 29 Desember 2018]

kuβergroete tot volgende keer

[2019-01-13]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.
www.getsnapsan.com